HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

Vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder: Riversdal

(Verw: K109) T12 – R329 937.12 tot R428 281.08 bruto salaris per jaar.

Vereistes: 'n Nasionale Diploma in Menslike Hulpbronbestuur of 'n gelykwaardige NKR6 kwalifikasie • Gevorderde rekenaarvaardighede • Geldige Kode B bestuurderslisensie • Vier jaar ondervinding in Opleiding of Menslike Hulpbronne, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Skakel met relevante rolspelers • Saamstel, hersien en bestuur die Werksplek Vaardigheidsplan • Bestuur die Opleidingsbegroting • Toesighouding • Koördineer opleiding • Fasiliteer en analiseer Persoonlike Ontwikkelingsplanne • Meet doeltreffentheid van opleiding • Formuleer en fasiliteer Interne Opleiding • Stel maandelikse personeel nuusbrief saam.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings.

Instruksies aan aansoekers:

'n Munisipale aansoekvorm moet elektronies aan applications@hessequa.gov.za versend word. Hierdie is die enigste e-pos adres wat aansoeke sal aanvaar. Aansoeke wat elektronies ingedien word, mag nie 4MB oorskry nie. Aansoekvorms kan ook per hand by enige Hessequa Munisipale kantoor afgelewer word of aan Menslike Hulpbronne, Posbus 29, Riversdal, 6670, versend word. Slegs aansoekers wat aan die minimum vereistes voldoen, soos geadverteer, sal oorweeg word. Aansoekvorms moet vir alle vakature waarvoor aansoek gedoen word, volledig voltooi word. 'n Curriculum Vitae kan addisioneel aangeheg word. Afskrifte van kwalifikasies en relevante dokumente wat verlang word, moet die aansoek vergesel. Navrae moet aan die kontakpersoon soos per advertensie, gerig word. Geen aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal oorweeg word nie. Daar sal van die gekortlyste kandidate verwag word om 'n praktiese assessering te ondergaan. Aansoekers wat nie binne 30 dae na die sluitingsdatum deur die munisipaliteit gekontak word nie, moet hul aansoek as onsuksesvol beskou. Die werkgewer behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Sluitingsdatum: 25 Junie 2021

Kontakpersoon: Me J Jansen by 028 713 7965